BERUGTE BELASTINGONTDUIKERS

Lionel Messi

Barcelona Sokkerklub en Argentinië se sokkerster, Lionel Messi, en sy pa, Jorge Horacio, het elk €10 miljoen in agterstallige belasting betaal om te verhoed dat hulle van belastingontduiking aangekla word. Die twee is in September 2013 gedagvaar om in 'n hof naby Barcelona te verskyn ten opsigte van belasting geskuld vir beeldregte-inkomste in 2010 en 2011. Indien skuldig bevind, kon hulle 'n vonnis van ses jaar tronkstraf opgelê word.

Dolce en Gabbana

Die stigters van die wêreldbekende Italiaanse modenaam Dolce & Gabbana, Domenico Dolce en Stefano Gabbana, was skuldig bevind aan belastingontduiking deur 'n Milaanse hof in Junie 2013. Aanklaers het beweer dat die modeontwerpers versuim het om €200 milljoen te verklaar toe twee van die maatskappy se hoof handelsmerke aan 'n Luxembourg-gebaseerde beheermaatskappy verkoop is.
Dolce & Gabbana was gevonnis tot een jaar en agt maande tronkstraf, opgeskort, en was beveel om 'n boete van €500 000 aan die Italiaanse belastingadministrasie te betaal.
In die afsonderlike gevalle in Italië, het die afgestorwe operasanger, Luciano Pavarotti, meer as $12 miljoen in agterstallige belasting betaal, terwyl MotoGP se wêreldkampioen, Valentino Rossi, in 2008 ingestem het om $51 miljoen aan Italië se belastingagentskap te betaal.

Lauryn Hill

In Mei 2013 het die bekende voormalige Fugees musiekgroep, wat die Grammy-toekenning gewen het met haar solo-beroepsalbum, The Miseducation of Lauryn Hill, gevonnis tot drie maande in 'n staatsgevangenis en 'n verdere drie maande van huisarres vir die versuim om belasting van meer as $2 miljoen in inkomste te betaal gedurende 'n vyf jaartydperk. Sy het skuldig gepleit op die aangklagte in 2012. Altesaam, het staatsaanklaers gesê, het Hill nagenoeg $2.3 miljoen verdien gedurende die vyf jaar en het 'n uitstaande belastingtotaal van $ 1,006,517 gehad. Sy het aan die hof gesê dat sy nog altyd van plan was om haar belasting te betaal, maar dit nog nie kon doen sedert haar loopbaan vlamgevat het nie.

Wesley Snipes

Op 2 April 2013 was die Amerikaanse akteur, filmvervaardiger en vegkunskenner, Wesley Snipes, na amper drie jaar uit die tronk vrygelaat vir die versuim om inkomstebelastingopgawes in te dien. Snipes was skuldig bevind aan drie gevalle van misdryf vir die versuim om belastingopgawes in te dien in 2008. Tussen 1999 en 2001, het Snipes $ 7 miljoen in belasting ontduik. Een van Snipes se oorspronklike verdedigings was dat hy op die advies van sy belastingadviseurs, Eddie Ray Kahn en Douglas P. Rosile staat gemaak het. Hulle was deur dieselfde jurie skuldig bevind aan belastingbedrog en sameswering en beide is langer tronkvonnisse as Snipes opgelê.

Leona Helmsley

Die hotelmagnaat word berugtelings aangehaal met haar "Ons betaal nie belasting nie. Slegs die mindere mense betaal belasting". Die regter het beveel dat haar vonnis op 15 April begin, wat Belastingdag in die VSA is.

Al Capone

Hulle kon nooit Mnr. Capone skuldig bevind op aanklagte van afpersing nie, maar sy versuim om belasting te betaal het sy ondergang beteken.

Ulrich Hoeness

Ulrich Hoeness, die Duitse sokkerlegende en voormalige president van die Bayern Munich sokkerklub, was tot drie en 'n half jaar tronkstraf gevonnis, nadat hy aan belastingbedrog skuldig bevind is op Donderdag, 13 Maart 2014. Hoeness het die Duitse staat uit € 27 miljoen in onbetaalde belasting bedrieg. Hy het gesê hy sal nie teen die uitslag appèlleer nie en het van sy posisie as president en raadsvoorsitter van die sokkerklub bedank.